

ONDERNEMING DEUR OUER / VOOG

Ek, die ondergetekende doen hiermee aansoek by 3D Christelike Akademie van my kind/ers vir die 2021 akademiese jaar. Ek onderneem en stem onvoorwaardelik toe tot die betaling van die skoolfonds.

Ek bevestig en verstaan ook hiermee die volgende terme en voorwaardes van registrasie:

1. Ek is die ouer en / of wettige voog van die leerling/e en behoorlik gemagtig om hierdie dokumente te voltooi en sal verbind wees hiertoe.
2. In terme van die SA Skolewet is beide biologiese ouers, gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik vir die betaling van die skoolfonds ongeag hulle maritale status.
3. In die geval van wanbetaling behou die skool die reg voor om teen beide biologiese ouers op te tree niestandaard enige egskeidingsooreenkomst, onderhoudsbevel of enige ander ooreenkomst welke mag bestaan tussen die betrokke ouers.
4. Skoolfonds is betaalbaar voor of op die 1ste van elke maand en is streng vooruitbetaalbaar.
5. Indien ouers in gebreke is met die betaling van die skoolfonds, behou die skool die reg voor om regsaksie in te stel vir die verhalings van die verskuldigde bedrag.
6. Indien regsaksie ingestel word vir die verhalings van agterstallige skoolfonds, word daar hiermee toegestem tot die heffing van prokureur en eie-kliëntfooi sowel as die betrokke invorderingskommissie.
7. Die skool behou die reg voor om 'n inskrywing van wanbetaling teen die betrokke ouers se kredietrekord te maak welke in die skool se diskresie sal val.
8. Indien daar enige navraag en/of dispuut op u rekening is geliewe die finansieskantoor (accounts@3dacademy.co.za) dadelik en per skrif/epos daarvan in kennis te stel.
9. Die ondergetekende kies hiermee as sy domicilium citandi et executandi adres die adres soos hierop ingevul. Enige adresverandering moet per skrif aan die finansieskantoor deurgegee word.
10. Ek verstaan dat die skool die reg het om enige inligting soos voorsien te bevestig. In die geval van vals voorsienende inligting behou die skool die reg voor om kriminele klagtes te lê en welke in die diskresie van die skool hanteer sal word.
11. Dat ek, uit hoofde van my verbintenis met 3D Christelike Akademie sal toesien dat my kind hom / haar hou by nakoming van die reëls wat deur die hoof en direksie vasgestel is.
12. Ek sal berus by enige dissiplinêre stappe deur die hoof en direksie wat mag voortspruit uit die herhaaldelike oortreding van hierdie reëls.

Onderteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20____

Handtekening van
ouer/voog

Handtekening van
ouer/voog

Handtekening van leerder